| 7 Februarie | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
| --- | --- | --- |

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 9 FEBRUARIE SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
| --- | --- | --- |
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Koos van der Merwe | Ds. Kirsten Small | Ds. Heinrich Carstens |
| | Lukas 5:1-11 | Lukas 5:1-11 |

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA







SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

**DEUROFFERS**

Die deuroffers hierdie week is vir die Sinodale Arbeidsbediening.
Op 9 Februarie is dit vir ons gemeente se **Gasvryheidsbediening.**

## Program vir die week

*Vrouebybelstudie gedurende die week*

| | | |
|---|---|---|
| **Sondag 9 Februarie** | **09:00** | Koos van der Merwe by Hangklipkerk |
| **Dinsdag 11 Februarie** | **09:00** | Gebedsgroep Hangklip |
| | **16:30** | Gebedsgroep Kleinmond |
| **Woensdag 12 Februarie** | **17:00** | Hangklip Bybelskool |
| **Donderdag 13 Februarie** | **06:00** | Mannegroep Hangklip |
| | **19:00** | NG/ VG Skakeling |
| **Vrydag 14 Februarie** | **05:55** | Mannegroep Kleinmond |

## Innige simpatie aan..

*Eunice de Villiers met die afsterwe van haar suster, Marthie Gous (Bb4). Maryna Scheepers (Sb3), kinders en familie met die afsterwe van Theo.*

*Phillipa Marx (Ba2) se suster is oorlede.*

## Ons dra elke lidmaat wat siek is op in ons gebede...

Herman Schoeman (Ba3) & Elsa Crous (PM2).

VRYDAG

21 MRT

## Kos-en Kuiermark

*Bydrae-vorms sal volgende week by die Wyksouderling/ Dienswerker beskikbaar wees en moet asseblief teen **3 Maart** terug wees.*

# Kursus

## ‘Gawes van die Gees”

## Ontdek jou plek in God se plan



*Aan elkeen van ons is ’n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.*
*Ef. 4:7*

*Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*
*Ef 4:16*

Wanneer & waar?

**Saterdag 8 Februarie 2025**

Hangklipkerk

**08:00-12:00, 14:00-16:00**

*Verversings en lekker gesels tussen sessies*

Skakel ds Leopold vir meer inligting: 082 707 0676

## NG KOGELBERG HANGKLIP KERK

PILLANSIAWEG 2, BETTYSBAAI

## KOOS VAN DER MERWE

**Sondag 9 Februarie 2025**

**9h00**



# Leë Koffie Bottels





Die Kleinmond sopkombuis benodig asseblief leë koffie bottels. Die bottels word gevul met droë sop bestanddele sodat persone hul eie sop kan voorberei. Die gevulde bottels word in ons gemeenskap versprei.

Leë koffie bottels is dus noodsaaklik vir die volhoubaarheid van hierdie bediening.

Die leë koffie bottels moet asseblief by die NGK-saal in Eerstelaan afgelewer word.

Baie dankie vir almal se wonderlike samewerking.

# Ons sê dankie...

Bring eerskomende Sondag (**9 Februarie 2025**) enige nie-bederfbare kosprodukte na die Nagmaalsdiens vir gebruik deur ons koskas.



## Hangklip Boekoase bied aan...

### Sterre en planete met Dolf Nel



28 Februarie 2025
19:00 by Hangklipkerk
R50-00 (koffie, tee en iets lekkers)

1. Basiese kennis van ons sonnestelsel, die Melkweg en ander sterrestelsels
2. Buitelig waarneming van hemelliggame

# Baie dankie...

"Die VGK sê graag baie dankie aan lidmate en die kerkraad van NG Kogelberg vir die afgelope jaar se finansiële ondersteuning sodat 'n hulpleraar aangestel kon word. Prop Pieter Windvogel en later ook ds Anthony Cloete het goeie werk gedoen waarvoor die kerkraad en gemeente opreg dankbaar is.

Die VGK het besluit om ds Cloete se kontrak voorlopig met drie maande van Maart tot Junie te verleng in afwagting of NG Kogelberg ons verder sal kan bystaan."



# Francois Olivier laat diep spore na

Lisel Krige

As hy kon beleef hoeveel geliefdes, familie, vriende, voormalige kollegas en kennisse verlede Saterdag opgedaag het om finaal van hom afskeid te neem op Bettysbaai, sou Francois waarskynlik verstom gestaan het. Duidelik het hy talle lewens in sy leeftyd van byna 74 jaar aangeraak. Hy is op 22 Januarie oorlede.

Hy was ’n bekende en geliefde gemeentelid wie se hande vir niks verkeerd gestaan het nie. En wanneer dit by potjiekos kom, kan hy die koning van die ‘tradisie’ by ons genoem word.

Toe hy en Anna in die laat 90’s op Bettysbaai kom woon, nadat hy ’n loopbaan in die Gevangenisdiens afgesluit het, het Francois groot genot daaruit geput om sy vernuf as skrynwerker in die gebied voort te sit onder die vaandel ‘Francois en Seuns’. Edward, hul middelkind, het dit daarmee voortgegaan toe sy pa in 2017 die leisels aan hom oorhandig. Alles wat hy van die vakgebied weet, het hy by sy pa geleer, sê Edward. Soos Anna liefdevol van haar man getuig – hy het aan soveel mense se drome gestalte gegee en wonderlike bevrediging daaruit geput. Sy en Francois sou op 15 April vanjaar 53 jaar getroud gewees het.

Hy was ’n sportman van formaat, met voorliefdes vir veral hengel en rolbal. By die Duiweklub in Kleinmond het hy ook naam gemaak met ’n duif wat vele wedvlugte gewen het. Sy oudste seun, Charl, sê hy het sy pa se passie vir sport geërf en het al op nasionale vlak in hengelkompetisies deelgeneem.

Ná sy finale aftrede is Francois se gesondheid ernstig geknou toe hy die eerste van verskeie hartaanvalle oorleef. Die afgelope twee jaar het hy feitlik ’n kluisenaarsbestaan gevoer, maar nooit gekla nie, sê Anna – wat hom met die liefdevolle bystand van haar kinders en kleinkinders self versorg het.

Sy vrou en kinders was sy alles; en uit hul huldeblyke by sy gedenkdiens was dit duidelik dit was wedersyds. Carina, hul jongste en enigste dogter, sê hul verhouding was baie spesiaal. Tot op die einde het hy haar nog op sy skoot laat sit. Daar was 'n sagtheid wat anders was as die verhouding met sy seuns.

Een van Francois se bekendste nalatenskappe is die bekoorlike houthuis aan Pine-weg op Bettysbaai, wat hy en sy seuns self gebou het. Feitlik al die meubels daarin is ook sy handewerk, vertel sy kinders en skoonkinders met trots.

Buiten sy en Anna se drie kinders en skoonkinders Deniel en Yvette Olivier, en André Botes, gaan sy kleinkinders Sebastiaan en Jaco, Francois en Isabella, Avah en Malachi hom ook geweldig baie mis.



**Foto:**
**Francois en Anna Olivier,**
**'n egpaar na die hart van God.**

# KLEINMOND VROUEBYBELSTUDIE: FEBRUARIE 2025

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 10 Februarie** | | |
| **Sc1-4** | **15:00** | Comine Conradie, 2de Laan 36 |
| **Dinsdag 11 Februarie** | | |
| **Sb4** | **10:15** | Kapel, Kleinmondkerk |
| **Bb1-4** | **15:00** | Bessie van der Walt, 10de Laan |
| **PM3** | **15:00** | Daleen Swart, Palmietweg 70 |
| **Sa3+4** | **15:00** | Gerda van der Merwe, 3de Laan 127 |
| **Woensdag 12 Februarie** | | |
| **HK1+2** | **09:30** | Kapel, Kleinmondkerk |
| **HK3** | **10:00** | Amanada du Plessis, Gladious 15, Heiningkloof |
| **Ba1-3** | **10:00** | Ita le Roux, 7de Straat 57 |
| **Sa1+2** | **10:00** | |
| **KB1-5** | **15:00** | Kleintjie Muller, Boekenhoutlaan 32 |
| **Sb1-3** | **15:00** | Ellin Bekker, 3de Laan 102 |
| **PM1,2,4,5** | **15:00** | Kuierruimte, Kleinmondkerk |
| **Donderdag 13 Februarie** | | |
| **KB6** | **15:00** | Annetjie Strever, Fynbospark |
| **Dinsdag 18 Februarie** | | |
| **KP** | **10:00** | Kogelparksaal |

GEMEENSKAPSGERIGTE

# GHOLFDAG

# NG GEMEENTE Kogelberg

# 2025

PRYSUITEDELINGSFUNKSIE, ETE & VEILING!

***WEN R50 000!!!**

**HOLE-IN-ONE KOMPETISIE T&V GELD.*

**14 MAART**

**2025**

**REGISTREER**

info@ngkogelberg.co.za

Kleinmond Gholfbaan

**4 BALL ALLIANCE 2 SCORES TO COUNT**

**R1600 PER TEAM SHOTGUN START @ 10:00**



# REIS OM DIE WÊRELD

## VRYDAG

## 21 MRT

# KUIER

## & -KOSMARK

met

## basaarpoeding



**KOS | KOFFIE | KOEK & KUIER**


NG Gemeente Kogelberg bied aan...
Paasspel 2025
Jerusalem! Jerusalem!
Regie deur Arina Greeff | Musiek deur Thinus Ries
10, 11 en 13 April 2025 18:30 vir 19:00
Kleinmondkerk, Vierde Laan 67
Gratis kaartjies kan by die kerkkantoor in Vierde Laan afgehaal word
Vrywillige bydraes sal waardeer word

# Verjaarsdae

## 8 Februarie

*Paul Coetzee 082 687 1163 (Ba1)*
*Amanda Fourie 083 304 0367 (Bb 2)*
*Loumarè Goosen 084 548 2866 (Sa4)*
*Ansie Malan 082 493 9844 (Sb1)*
*Helgaard Muller 072 246 6329 (Sc1)*
*Santie Swanevelder (BB4)*

## 9 Februarie

*Maretha Hugo 083 631 2932 (Ba2)*
*Veronica Schutzler 083 660 5704 (Sb2)*
*Christa Steenkamp 072 450 4003 (KP2)*
*Dirk Taljaard 082 881 6030 (PB2b)*
*Elmarie Terreblanché 082 820 1375 (Ba1)*
*John Wright 083 445 0701 (Ba3)*

## 10 Februarie

*Linda Smit 072 259 0424 (Sa2)*

## 11 Februarie

*Alida Fourie 082 822 2112 (KB4)*
*JC Swart 083 269 3964 (Sb4)*
*Willie van Der Merwe 079 167 5759 (BB1B)*
*William van Der Merwe 082 881 4746 (KB2)*
*Rian van Niekerk 083 732 9789 (PM1)*

# Veels Geluk!

## 12 Februarie

*Beulah Atterbury 065 924 2974 (Sc4)*
*Mundi Barnard 082 337 3997 (KB5)*
*Famke Boonzaaier 071 473 4235 (KB1)*
*Dorie Greyling 083 270 7102 (Ba1)*
*Zita Liebenberg 062 678 4309 (PM2)*
*Jenny van Wyk (BB2)*
*Anita van Zyl 073 975 9610 (KB1)*
*Annelize Visser 082 861 2047 (Ba2)*

## 13 Februarie

*Rita Nel 083 614 9502 (Ba1)*
*Wilhelm Stals 076 524 3688 (RE)*
*Burny Swiegelaar (BB2)*

## 14 Februarie

*Cobus Botha 083 976 2341 (PB2a)*
*Maryna Britz 084 588 7622 (KB6)*
*Jacques Combrinck (Sc3)*
*Mieke Frowein (BB3)*
*Sanmari Kruger (PM1)*
*Jorika Rabie 072 616 8418 (BB3)*




**1. Gesels bietjie saam...**

- As jy nou dadelik 'n vaardigheid (*skill*) kon hê (bemeester) - wat sal dit wees?
- Het jy al ooit 'n ervaring gehad waar jy hard aan iets gewerk het, maar gevoel het jy het misluk?
- Wat het jy daaruit geleer?

**2. Ons storie nou...**

- As ons sê Jesus roep mense OF iemand het 'n roeping, wat dink jy beteken dit?
- Gehoorsaamheid vra iets van jou… hoekom sou dit belangrik wees om aan God gehoorsaam te wees?

**3. God se storie...**

- Lees nou weer die teksgedeelte van Lukas 5:1-11 eenmaal rustig saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het. Deel met mekaar wat jou ook in Sondag se eredienste oor hierdie teks geraak het.
- Hoekom het Jesus vir Simon gevra om weer hulle nette in te gooi nadat hulle heel nag niks gevang het nie?
- Hoe kan ons Simon se reaksie verstaan toe hy besef wie Jesus is?
- Jesus sê vir hulle: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang." Wat dink julle bedoel Jesus daarmee?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Die vissermanne het 'alles gelos en Jesus gevolg'. Wat beteken dit vandag vir ons? Watter goed moet ons los om Jesus te kan volg?
- Die Boodskap vertaal Lukas 5:10 so: "*Moenie bang wees nie. Jou werk begin nou eers. Van nou af gaan jy mense vang. Jy sal maak dat baie mense in My glo.*" Hoe kan ons ook deelneem aan hierdie werk wat Jesus vir Sy dissipels gee?

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes solank uit die Woord en oordink dit hierdie week met die oog op Sondag 16 Februarie se eredienste waar ons fokus op Lukas 6:17-26:

- Maandag 10 Februarie - Lukas 5:1-11
- Dinsdag 11 Februarie - Jeremia 17:5-10
- Woensdag 12 Februarie - Psalm 1
- Donderdag 13 Februarie - 1 Korintiërs 15:12-20
- Vrydag 14 Februarie - Lukas 6:17-26
- Saterdag 8 Februarie - Lukas 6:17-26